MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

28 APRIL 2011

Mineraleregte – Staat hét onteien
Die Christen-Demokratiese Party (CDP) het die uitspraak in die Hooggeregshof dat die staat wel mineraleregte onteien het, verwelkom.

“Hierdie onteiening is al as die grootste diefstal in die land se geskiedenis beskryf – dit het Suid-Afrika naby aan Zimbabwe se grondgrypbeleid gebring – en tog het die regering bly vasskop dat dit nie onteiening was nie,” sê ds. Theunis Botha, leier van die CDP.

“Ons vertrou dat die regering dié uitspraak sal respekteer, en nie verder belastingbetalersgeld sal mors deur te appelleer nie.”

Mineral rights – government did expropriate
The Christian Democratic party (CDP) wel\comed the judgement in the High Court that the state had indeed expropriated mineral rights.

“This expropriation had earlier been described as the largest theft in the history of South Africa – it brought the country perilously close to Zimbabwe’s land grab – and yet government insisted that it was not expropriation,” says Rev. Theunis Botha, leader of the CDP.

“We trust that government will respect the judgement and not waste taxpayers’ money further by appealing against it.”

Agri SA wen 'n deurslaggewende saak oor eiendomsreg

"Die Hooggeregshofuitspraak vandag in Pretoria deur Regter Ben du Plessis, - naamlik dat die Minerale-en Petroleumhulpbronne Ontwikkelingswet, no 28 van 2002 ("die Wet") inderdaad die onteiening van minerale- regte daargestel het soos op 1 Mei 2004, is 'n rigtinggewende uitspraak in Agri SA se jarelange pogings om eiendomsreg te beskerm", sê Johannes Möller, President van Agri SA.

Agri SA se doelwit met hierdie toetssaak was om onteiening van mineraleregte te bewys wat die staat sal verplig om vergoeding te betaal.

Die regter het bevind dat: "For the reasons stated the objects of the MPRDA could not be achieved without depriving mineral rights holders of their property and without vesting in the state similar rights. While not expressly stated, expropriation was one of the purposes of the MPRDA."

Dié welkome uitspraak volg op 'n vroeëre beslissing van Regter Hartzenberg in Maart 2009 dat dit wel vir die houers van ou orde mineraleregte moontlik is om onteiening te bewys. Hierdie uitspraak bevestig die fundamentele beginsel in artikel 25 van ons Grondwet dat eiendom nie onteien kan word sonder vergoeding nie", aldus Möller.

Agri SA het deurlopend sedert 2004 hul lede ingelig gehou oor die wyse waarop eise vir vergoeding as gevolg van die onteiening ingedien moet word, welke eise die Streekskantore van die Departement van Mineralehulpbronne teen nie later as 30 April 2011 moet bereik nie.

Agri SA bedank sy affiliasies vir hulle ondersteuning, finansieel en anders= ins, met hierdie hofsaak.